

Matteus 13:44-46

Die waarde van die evangelie is opgesluit in Christus

Inleiding:

- As jy jou saligheid kon koop, hoe lyk die prys?
 - Hoeveel is jy bereid om te spandeer?
- As jy 'n bedrag geld kan neersit en verseker wees dat jou plek in die hemel gewaarborg is, hoe groot sal daardie bedrag wees?
 - Hoeveel is jy bereid om prys te gee?
 - Hoe sal jou kwaliteit lewe op aarde verander?
 - Is jy bereid om honger te ly om verseker te wees van die ewige lewe?
- Ons kan met groot dankbaarheid weet dat jy nie jou saligheid kan koop nie.
 - 'n Plek in die hemel is nie gekoppel aan rand en sent nie.
 - En dit is dalk beter so, anders was geld dalk nog 'n groter probleem in ons samelewing.
 - Maar in Matteus 13 vertel Jesus drie kort gelykenisse.
 - Ons gaan vanoggend stilstaan by die eerste twee.
 - In hierdie gelykenisse word daar spesifiek gefokus op koop en verkoop.
 - In beide hierdie gelykenisse kom dit neer op rand en sent.
- Die realiteit is dat die evangelie waarde het.
 - Om gered te wees, het waarde.
 - As gelowiges word ons verseker dat die waarde van die evangelie opgesluit is in Christus.
 - In hierdie twee kort gelykenisse gaan ons stilstaan by die drie belangrike gedagtes.
 - Die soeke na die koninkryk.
 - Die reaksie op die koninkryk.
 - Die belofte van die koninkryk.

Die soeke na die koninkryk

- In beide die gelykenis van die skat in die land en die pêrels, word die skat en die pêrels gevind.

- Die manier wat daar na die twee gesoek word, verskil in 'n baie groot mate.
- In die eerste gelykenis word die skat in 'n saailand gevind.
- In die tyd waarin Jesus hierdie gelykenisse vertel, was daar nie werklik 'n plek om iets wat waardevol is veilig te bewaar nie.
 - Die gevolg is dat iets maklik uit jou huis uit gesteel kon word.
 - Daar was nie kluis, alarms en sekuriteitstelsels nie.
 - Daarom was dit algemene praktyk gewees om iets wat waardevol was, te begrawe.
 - Dit het wel soms gebeur dat die eienaar van die skat oorlede is, sonder om iemand daarvan te vertel.
 - Of in tye van oorlog het die eienaar gevlug sonder om die skat weer op te grawe.
 - So was dit moontlik dat daar verskeie skatte begrawe was sonder dat enige iemand daarvan geweet het.
 - In die gelykenis word daar spesifiek genoem dat hierdie skat binne 'n saailand lê.
 - Daarom kan ons aanneem dat die man wat op hierdie skat afkom, een van die werkers in die land was.
- Hy moes vir die eienaar van die land werk.
 - Hy moes die land ploeg en bewerk, en plant en op die regte tyd dan ook oes.
 - Die land het daarom nie aan die werker behoort nie.
 - Net so behoort alles wat onder die land lê ook nie aan die werker nie, maar aan die eienaar van die grond.
 - Die werker is hier in die diens van die eienaar, so enige iets wat opgespoor of opgegrawe word terwyl die werker in die land besig is, behoort aan die eienaar.
 - Maar die werker is nie doelbewus besig om na skatte te soek nie.
 - Hy is besig om lande te bewerk.
- Die pêrelhandelaar se soektog lyk ietwat anders.
 - Die man soek pêrels.
 - Hy gaan duik nie die pêrels uit nie.
 - Daar is baie ander mense wat hierdie vuilwerk doen.
 - Nee, hy koop en verkoop.
 - Hy koop 'n pêrel wat hy sien waarde het en gaan dan later en verkoop hierdie pêrel dan vir 'n wins.
- Elke pêrel wat hy koop, is sy eiendom.
 - Hy kom nie per ongeluk op pêrels af nie.

- Hy gaan en gaan soek.
- Om die beeld eenvoudig te maak in vandag se tyd – as jy Pick & Pay toe gaan, en jy sien hulle het brood, gaan jy nie agteroor val van skok nie.
 - Jy soek ‘n brood daarom gaan jy na ‘n plek toe waar jy weet jy gaan brood kry.
- So sien ons ‘n baie duidelike verskil in die arbeider en die pêrelhandelaar.
 - Die arbeider soek nie.
 - Maar die handelaar soek ernstig.
 - Elke oomblik wat hy werkzaam is, is hy opsoek.
 - Die arbeider is besig met sy daaglikse roetine.
 - En dit is waar die verskille ophou.
 - In hulle reaksie op dit wat hulle kry sien ons die ooreenkoms.

Die reaksie op die koninkryk

- Die handelaar en die arbeider kom af op iets kosbaar.
 - Die handelaar kom af op ‘n skat wat begrawe is en die handelaar op ‘n baie kosbare pêrel.
 - Beide kom bykans per ongeluk daarop af.
 - Die arbeider het nie gaan soek vir skatte nie en die handelaar het nie gaan soek vir hierdie spesifieke pêrel nie.
- Maar altwee kom af op iets wat verskriklik waardevol is.
 - Hulle reageer altwee dieselfde.
 - Gaan en verkoop alles sodat jy seker kan maak dit wat jy soek kan jy koop.
- Die arbeider maak dadelik die skat weer toe.
 - Dit klink dalk vreemd, maar hierdie man wil nie hê iemand anders moet hom beroof van hierdie skat nie.
 - Hy koop nie net die skat nie, maar hy koop die hele stuk grond om te verseker dat niemand kan vingerwys dat hy die skat op ‘n oneerlike wyse gekry het nie.
 - Die skat behoort wettig aan hom omdat hy die wettige eienaar van die grond is.
 - Wanneer hy gaan om die grond te gaan koop word hy beskryf as “in sy skik”.
 - Die ou vertaling praat van “uit blydschap”
 - Hy besef die waarde van die skat wat hy gevind het.

- By die handelaar sien ons dieselfde.
 - Hy gaan en gaan verkoop alles wat hy het sodat hy daardie pêrel kan kry.
- Althoe hierdie manne gaan en gaan verkoop alles wat hulle het sodat hulle iets van onskatbare waarde kan besit.
 - Dit beteken nie dat hierdie manne se koppe hulle gelos het nie.
 - As ons na die gelykenisse kyk en die manne se reaksie sien dan bring dit vir ons vrae na vore.
 - Hoe gaan hulle eet?
 - Waar gaan hulle bly?
 - Wat van hulle gesinne?
 - Ons moet onthou dat hierdie twee gelykenisse is.
 - Daar word vergelyking getref met die koninkryk.
 - Daarom wil hierdie gelykenisse vir ons die vraag vra – wat is jy bereid om prys te gee vir die koninkryk?
 - Want die realiteit is dat die koninkryk opoffering vra.
 - Die manier wat ons met die koninkryk te doen kry verskil.
 - Sommiges van ons kom tot geloof sonder dat ons doelbewus daarvoor gaan soek.
 - Ons besef dalk later in ons lewe dat ons glo sonder dat daar iewers op 'n spesifieke dag en datum iets gebeur het wat 'n dinamiese verandering in my veroorsaak het.
 - Ander gaan uit en soek doelbewus antwoorde.
 - Filosofie en kennis en verskillende groepe en gelowe en kerke, en wanneer hulle met die evangelie gekonfronteer word wat werklik die waarheid en goeie nuus is veroorsaak dit 'n dinamiese verandering.
 - Die realiteit is die koninkryk vind ons, selfs al soek ons daarvoor.
 - Die feit dat ons dit soek is omdat die Gees in ons 'n honger plaas.
 - Dit is 'n soort dring wat ons aanspoor om te soek.
 - En wanneer die Heilige Gees so in ons werk kom ons op die punt waar ons oë oopgaan en ons die waardevolle skat kan raaksien.
 - Dan begin die opoffering.
 - Ek kan nie die koninkryk liefhê en nog vasklou aan my sondes nie.
 - Ek kan nie aan die eenkant die evangelie bely en aan die anderkant vasval in my sondige leefstyl nie.
 - Ek kan nie Sondag met my mond God bely en Maandag met daardie selfde mond Hom belaster nie.

- Ek kan nie die evangelie liefhê maar my naaste haat en beskinner nie.
- Wanneer ons met die skat van die koninkryk gekonfronteer word, staan ons voor 'n vork in die pad.
 - Aan die een kant – gaan maar net voort en maak of niks gebeur het nie.
 - Aan die ander kant – gaan en gaan verkoop alles en verseker dat hierdie skat joune word.
 - Die troos is dat hierdie skat nie met geld gekoop kan word nie.
 - Maar jy moet prysgee.
 - Vir 'n gelowige is dit maklik om dit alles prys te gee want die Heilige Gees werk in ons om ons juis te oortuig van die waarde van die evangelie.
 - Paulus beskryf self in Fill. 3:7&8 hoe die verandering lyk wat die Heilige Gees in ons opwek.
 - *Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.*
- Beide hierdie kort eenvoudige gelykenisse wil ons bring by die punt waar ons besef hoe kosbaar die koninkryk is.
 - Die koninkryk is nie iets wat ons volkome op aarde kan besit nie, maar dit troos ons met 'n wonderlike belofte.

Die belofte van die koninkryk.

- Die belofte begin by die gerustelling dat ek en jy nie die koninkryk kan koop nie.
 - Dit is ook nie iets wat ek en jy uit ons eie kan opspoor nie.
- Daar is egter 'n prys betaal.
 - Die prys wat Jesus Christus betaal het aan die kruis is genoeg dat ek en jy die koninkryk kan ontvang.
 - Ongeag die manier wat ek en jy die koninkryk ontvang, dit gebeur omdat God dit so bestem het.
 - Hy het die keuse gemaak voordat die aarde gemaak is, dat daar 'n tyd sal kom wanneer ek en jy die skat kan opspoor.
- In Matt. 6:33 word ons opgeroep om eers die koninkryk van God te soek, en alles anders wat ons nodig het sal daarop volg.
 - So word ons verseker dat die koninkryk van God ons eerste en hoogste prioriteit moet wees.

- Wanneer dit die geval is en ons maak die opofferings, sal God ons versorg soos wat ons dit nodig het.
- Ons het 'n wonderlike groep jongmense wat vanoggend die geleentheid het om hulle geloof te bely.
 - Wanneer jy jou geloof bely erken jy dat jy die waarde besef van die evangelie.
 - Dit is iets wat jy nie kan koop nie.
 - Dit is nie iets wat jy 'n geldwaarde aan kan koppel nie.
 - Maar dit is 'n werklike besef dat ons in Christus 'n kosbare skat ontvang.
 - Deur die genade van God het ons die geloof ontvang.
 - Elkeen van hierdie jongmense word net soos ek en jy vanoggend ook weer geroep en herinner om alles prys te gee om die waarde van die evangelie te besef.

Slot:

- Die arbeider op die land was 'n eenvoudige dagloner gewees en was nie besonder ryk nie.
- Die handelaar was 'n welaf man.
 - Maar altwee word opgeroep om alles prys te gee om die skat wat hulle seek te kan besit.
- Die koninkryk van God verwag presies dieselfde van elke gelowige.
 - Gee alles prys.
 - Niks op aarde kom naby aan die waarde van die evangelie nie.
 - Die koninkryk se prys is iets wat ek en jy nie kan betaal nie.
 - Die prys is betaal deur Jesus Christus wat sy lewe aan die kruis afgelê het.
- Deur daardie prys ontvang ek en jy die koninkryk heeltemal gratis.
 - Die evangelie is verniet.
 - Daarom kos dit niks om die evangelie te deel nie.
 - Maar die rykdom wat daarmee saamloop beteken die ewige lewe.